sapapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**



LIVEWORKSHEETS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**MOENIE NET PRAAT NIE; DOEN IETS!**

Stil-stil maak Suid-Afrikaners 'n verskil

1 Max Lucado, 'n geestelike skrywer, glo dat elke mens 'n begeerte het om 'n verskil op aarde te maak en om iets vir iemand te beteken. Maar om dit te doen, moet mense moue oprol. Gelukkig sien ons deesdae al minder "julle moet"-mense en meer "ons moet"-mense. Dit is mense wat bereid is om self te doen en te gee.

2 Ayakha Melithafa, Donalene Johanessen en Candice Mostert is maar net drie Suid-Afrikaners wat besluit het om deel te wees van die "ons moet"-mense wat 'n verskil in SA wíl maak.

3 **Ayakha Melithafa** se familie is boere wat erg deur die droogte in SA getref is. Ayakha het navorsing gedoen en agtergekom dat die verandering in klimaat die oorsaak van die droogte was. Sy het besef dat nog swaarder tye op hulle wag. Toe het sy geweet dat sy mense sal moet bewus maak van klimaatsverandering en die negatiewe gevolge daarvan. Daarom het sy by verskillende organisasies aangesluit.

4 Een van hierdie organisasies is Projek 90 teen 2030, wat koolstof teen 2030 wêreldwyd met 90% wil verminder. Die tweede een is die Afrika Klimaat Alliansie. Hulle maak mense bewus van klimaatsverandering. Deur hierdie Alliansie het Ayakha ander jong oorsese omgewingsaktiviste leer ken, onder andere Greta Thunberg van Swede.

5 Ayakha wil 'n stem vir die omgewing wees. Sy wil graag sien dat politieke leiers aandag aan die probleme rondom klimaatsverandering gee. Hulle moenie dink dat sy dinge uit haar duim suig nie. Hulle moet mense wat niks daarvan weet nie, inlig. Hulle moet die jeug en gemeenskappe inspireer om die omgewing beter te bewaar. Mense moet weet wat hulle kan doen om klimaatsverandering te keer.

6 In 2013 het **Donalene Johanessen** Royal Kidz gestig. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat minderbevoorregte kinders op verskillende maniere help. Die Marriotts Hotelgroep het ook by hierdie projek betrokke geraak en besluit om lakens wat hulle nie meer gebruik nie, vir haar te skenk. Die lakens is van 'n goeie kwaliteit; daar is selfs lakens van Egiptiese katoen.

7 Donalene en haar werkers gebruik hierdie lakens om skoolhemde en warm baadjies vir minderbevoorregte kinders te maak. Uit een koningsgrootte laken kan 5 skoolhemde gemaak word. Dis hoe die Sheets for Shirts-projek ontstaan het.

Kopiereg voorbehou

LIVEWORKSHEETS

8 2019 was 'n goeie jaar. 'n Donasie van 300 skoolhemde is aan Graad R–1-leerders aan die Primêre Skool Eastville gegee. Vir Mandeladag is meer as 1 000 skoolhemde, winterbaadjies en skoene aan leerders van verskillende skole geskenk.

9 Dit was nog altyd Donalene se droom om 'n vaste werkplek vir plaaslike naaldwerkers te hê. Marriotts het toe R1,2 miljoen vir Donalene gegee om Restore SA Pty Ltd te begin. Dit is haar eie besigheid. Sy het 11 vroue en 2 mans in diens, 'n permanente fabriek in Parow en 'n aanlyn winkel. Sy gebruik 40% van haar besigheid se wins vir Royal Kidz se projekte.

10 Uiteindelik strek Donalene se projek verder as om net skoolklere te voorsien. Hierdie projek het ook haar werkers se lewens positief verander. Hulle verdien nou 'n vaste inkomste, voel goed oor hulleself en het 'n doel in die lewe. Die kinders wat deur haar projek gehelp word, woon nou gereeld skool by.

11 Donalene pak ook die plastiekprobleem in ons land aan. Sy maak wasgoedsakke vir hotelle uit die ou lakens. Nou hoef hotelle nie meer plastieksakke daarvoor te gebruik nie.

12 Nog iemand wat iets omtrent die enorme plastiekprobleem probeer doen, is **Candice Mostert**. Sy ondersteun die idee van ekostene. Ekostene help om plastiekafval te verminder.

13 Vir 'n ekosteen het 'n mens 'n 2 ℓ-koeldrankbottel nodig. Jy vul die bottel met skoongewaste plastiek soos penne, plastieksakkies en plastiekbakkies wat nie weer gebruik kan word nie. Hierdie ekostene word dan vir verskillende dinge gebruik, bv. om vloere en mure op te vul en bankies vir skoolterreine te bou.

14 Candice se organisasie, Waste-Ed, werk saam met gemeenskappe in die Wes-Kaap. In 2019 het hulle 20 ton plastiek van vullishope af verwyder en in ekostene gebruik. Daar is 37 skole wat saam met haar werk. Sy sê ekostene is 'n goeie manier om kinders te leer om die omgewing te bewaar.

15 Dit is maar drie Suid-Afrikaners wat in die "ons moet"-span speel. Vir watter span draf jý uit?

[Eie teks]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Watter skrywer glo dat alle mense 'n verskil aan ander se lewens wil maak? (1)

1.2 "Gelukkig sien ons deesdae al minder 'julle moet'-mense en meer 'ons moet'-mense." (Paragraaf 1)

Waarom kan ons sê dat hierdie stelling 'n MENING is en nie 'n feit nie? (1)



LIVEWORKSHEETS

1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Julle moet"-mense is mense wat graag (eise stel/verantwoordelikheid aanvaar). (1)

1.4 Waarom het Ayakha se familie swaargekry? (1)

1.5 Ayakha het by verskillende organisasies, wat op klimaatsverandering fokus, aangesluit.

1.5.1 Noem TWEE organisasies waarby Ayakha aangesluit het. (2)

1.5.2 Waaruit kan 'n mens aflei dat hierdie organisasies nie nét in klimaatsverandering **in Suid-Afrika** belangstel nie? (1)

1.6 "Hulle moenie dink dat sy dinge **uit haar duim suig** nie." (Paragraaf 5)

1.6.1 Word "uit haar duim suig" hier LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur te verduidelik wat "uit haar duim suig" beteken. (1)

1.7 Sê watter hotelgroep entrepreneurs se drome waar maak en motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die leesstuk. (2)

1.8 Hoeveel skoolhemde kan uit een koningsgrootte laken gemaak word? (1)

1.9 Wat was in 2019 Donalene se projek vir Mandeladag? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A–D) neer.

Die kinders wat deur Donalene se Sheets for Shirts-projek gehelp word, woon nou gereeld skool by. Hieruit lei ons af dat ...

A party kinders nie van hierdie projek sal hou nie.
B alle leerders nou hierdie hemde behoort te dra.
C hierdie projek onderwys in ons land indirek ondersteun.
D ander hotelle ook by hierdie projek betrokke gaan raak. (1)

1.11 Watter tipe houer gebruik Candice om ekostene te maak? (1)

1.12 Die skrywer se doel met hierdie teks is om vir die leser presies te verduidelik wat klimaatsverandering is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Kopiereg voorbehou 

LIVEWORKSHEETS

1.13 Daar is verskillende organisasies waarvan ons in hierdie teks lees, elk met sy eie funksie.

Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die organisasie in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.13.1 | Projek 90 teen 2030 | A | maak die jeug van herwinning bewus |
| 1.13.2 | Restore SA Pty Ltd | B | fokus net op klimaatsverandering in Afrika |
| 1.13.3 | Royal Kidz | C | laat volwassenes menswaardig voel |
| 1.13.4 | Waste-Ed | D | fokus op 'n gesonder toekoms vir die wêreld |
| | | E | laat ander projekte ontwikkel wat op kinders fokus |

(4 x 1) (4)

1.14 Hou die hele teks in gedagte.

Waarom is die sin hieronder 'n goeie samevatting van die inhoud?

"Maar om dit te doen, moet mense moue oprol." (Paragraaf 1) (2)

1.15 In hierdie teks lees ons van drie mense wat 'n verskil gemaak het.

Kies EEN van die drie wat jy sou ondersteun. Sê wat hierdie persoon se grootste bydrae tot SA is en hoe jý hierdie persoon op 'n praktiese/werkbare manier sal ondersteun. (2)

Kopiereg voorbehou 

LIVEWORKSHEETS

**GRAFIEK**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: SOVEEL MENSE IS VIR VERKEERSOORTREDINGS GEVANG**




[Verwerk uit Grafika24]

1.16 Vir watter oortreding op die pad word die meeste mense gevang? (1)

1.17 Hoe word roekelose bestuur visueel in die grafiek voorgestel? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

'n Voorbeeld van roekelose bestuur is om ...

A met 'n gesteelde voertuig te ry.
B die motor se toeter te veel te blaas.
C jou bestuurderslisensie by die huis te los.
D 'n ander voertuig om 'n draai verby te steek. (1)



LIVEWORKSHEETS

1.19 Hoekom, dink jy, behoort voertuie wat in 'n swak toestand is, nie op paaie toegelaat te word nie? (1)

1.20 Haal EEN woord uit die teks aan om die volgende sin te voltooi.

Dit is ... om 'n voertuig te bestuur wat nie gelisensieerd is nie. (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die inligting in hierdie grafiek leer ons om (te kyk waar die verkeersmanne die paaie patrolleer/bewus te wees van verkeersreëls). (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Zozibini Tunzi, Mej. Heelal 2019, kom julle skool besoek. Jy moet haar aan die leerders voorstel.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE feite oor Zozi se ONTWIKKELING van geboorte tot internasionale glanspersoon in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**MEJUFFROU HEELAL 2019**

Zozibini Tunzi is op 18 September 1993 in Tsolo in die Oos-Kaap gebore. Sy het in 'n doodgewone huis grootgeword. Haar pa werk vir die Departement van Hoër Onderwys en haar ma is 'n skoolhoof. Sy het twee susters vir wie sy 'n rolmodel is. Hierdie taak neem sy baie ernstig op.

Haar ouers het haar as skaam sesjarige vir haar eerste skoonheidskompetisie ingeskryf om haar selfvertroue te ontwikkel. Zozi, soos sy genoem word, lees graag en het van kleins af die meeste van die tyd met haar neus in 'n boek gesit. Sy erken dat sy eerder gelees het as om aan sport deel te neem. Sy het in 2011 haar matriek aan Hoërskool Butterworth voltooi. Daarna het sy haar B.Tech-graad in Skakelwese aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie verwerf.

Zozi se vriende beskryf haar as iemand wat skoonheidstitels inryg soos krale. 'n Mens kan maar sê skoonheidskompetisies is in haar bloed. In 2015 het sy onder andere die Mej. Mamelodi Sundowns-titel gewen. In Augustus 2019 word sy Mej. Suid-Afrika. Met haar natuurlike voorkoms, byvoorbeeld haar eie hare, wou sy stereotipes oor skoonheid afbreek. Op 8 Desember 2019 is sy as Mej. Heelal gekroon – die derde keer dat Suid-Afrika 'n wenner by hierdie kompetisie opgelewer het. Die vorige twee wenners was Margaret Gardiner en Demi-Leigh Nel-Peters. Nog 'n groot hoogtepunt in haar lewe was toe sy 'n gas op Trevor Noah se program, *The Daily Show*, in Amerika was.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 19 Desember 2019]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



LIVEWORKSHEETS

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

**(3.1) KYK HIER,**
**ALMAL MET 'n LIEFDE VIR HIERDIE (3.2) GOUE OUE!**



**(3.3) Vandag <u>skud ons ons sak</u> vir liefdadigheid.**
**Maar sonder jou kan ons niks doen nie.**
**Ons het jou ondersteuning (3.4) (nodig)!**
**Almal sal jou bewonder as jy hierdie heel (3.5) (gewild) motor op die veiling koop.**
**(3.6) Dink net daaraan …**
**(3.7) Jy en jy alleen gaan 'n reuseverskil in die lewe van minderbevoorregte kinders maak!**

**WAT:** 'n Motorveiling
**WANNEER:** Saterdag, 20 Junie
**WAAR:** LOFTUSPARK, Kimberley
**TEN BATE VAN:** *Rapport* se Kinderfonds
**KONTAK Jackie vir verdere besonderhede:** 083 566 8910

[Eie teks]



LIVEWORKSHEETS

3.1 Watter TEGNIEK gebruik die adverteerder om die leser se aandag op die opskrif te vestig? (1)

3.2 Wat word bedoel met "goue oue"? Jy moet na albei woorde in jou antwoord verwys. (2)

3.3 Die sin hieronder is 'n voorbeeld van KONNOTASIE. Verduidelik wat die onderstreepte woorde beteken.

"Vandag skud ons ons sak vir liefdadigheid." (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Ons het jou ondersteuning (nodig)! (1)

3.5 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Almal sal jou bewonder as jy hierdie heel (gewild) motor op die veiling koop. (1)

3.6 Verduidelik die FUNKSIE van die stippels in die volgende sin.

Dink net daaraan … (1)

3.7 Sê waarom die woord "reuseverskil" groter as die res van die teks gedruk is. (1)

3.8 Noem TWEE maniere waarop hierdie advertensie die leser manipuleer om aan die veiling deel te neem. (2)
**[10]**




LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Mama Taxi*]

4.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Wat is (nies/nuus)? (1)

4.2 Waar kry Zandi die inligting wat sy met Mavis in Raampie 1 deel? Lei jou antwoord uit die strokiesprent af. (1)



LIVEWORKSHEETS

4.3 Skryf die onderstaande sin oor sodat dit KORREK is.

"Sallie gebeur nie."

Begin jou sin só: Dit ... (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 2.

4.4.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

As Zandi "HUH" sê, beteken dit dat sy (doof/onbeskof) is. (1)

4.4.2 Gee EEN WOORD wat meer aanvaarbaar as "HUH" is. (1)

4.5 Waarom sê ons Mavis se woorde in RAAMPIE 3 is net 'n aanname? (1)

4.6 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe weet ons dat Mavis en Zandi in die agterste motor is? (1)

4.7 Hoe ondersteun die prent in RAAMPIE 3 Mavis se woorde in dieselfde raampie? (1)

4.8 Kyk na RAAMPIE 1 en RAAMPIE 3.

Hoe VERSKIL Zandi se idee van 'ongemerkte' motors van Mavis se idee daarvan? (2)

**[10]**



LIVEWORKSHEETS

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

### TEKS F: ARTIKEL

**LEWE ELKE DAG VOLUIT**

Ammiël Smith is (5.1.1) (27) jaar oud. Hy hou daarvan om (5.1.2) (gewone) dinge te doen, soos om saam met haaie te duik.

(5.1.3) (Ammiël het studeer. Hy het as bemarker gewerk.) In 2016 het hy drie (5.1.4) (week) lank in 'n weeshuis in Indië gaan werk. (5.1.5) (Dit verander sy lewe.) Hy wou 'n (5.1.6) (positief) verskil in kinders se lewens maak. Hy het besluit (5.1.7) (onderwyser word).

Ammiël is die (5.1.8) (vorige/afgelope) 3 jaar 'n onderwyser by Laerskool Vryburg. Hy is (5.1.9) (superfiks) en gee Liggaamlike Opvoedkunde as vak. Hy weet die kinders hou (5.1.10) (...) dans. Hulle dans gereeld in sy klas.

Daar het onlangs 'n video van hom en 'n groep (5.1.11) (dans) kinders op sosiale media beland. In hierdie video dans hulle op die (5.1.12) (maat) van DJ Cleo se musiek.

Die kinders was baie opgewonde hieroor. Ammiël sê hulle het (5.1.13) (*special)* gevoel toe hulle hulleself op TV kon sien. Dis presies wat hy wou hê.

[Verwerk uit wikipedia]

5.1.1 Skryf die GETAL tussen hakies as 'n woord.

Ammiël Smith is (27) jaar oud. (1)

5.1.2 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Hy hou daarvan om (gewone) dinge te doen, soos om saam met haaie te duik. (1)

5.1.3 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. Begin met die voegwoord.

Ammiël het studeer. Hy het as bemarker gewerk. (nadat) (2)

5.1.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

In 2016 het hy drie (week) lank in 'n weeshuis in Indië gaan werk. (1)



LIVEWORKSHEETS

5.1.5 Skryf die sin hieronder in die VERLEDE TYD.

Dit verander sy lewe. (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Hy wou 'n (positief) verskil in kinders se lewens maak. (1)

5.1.7 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Hy het besluit (onderwyser word). (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Ammiël is die (vorige/afgelope) paar jaar 'n onderwyser by Laerskool Vryburg. (1)

5.1.9 Wat beteken die onderstreepte VOORVOEGSEL in die woord hieronder?

... <u>super</u>fiks ... (1)

5.1.10 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hy weet die kinders hou ... dans. (1)

5.1.11 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Daar het onlangs 'n video van hom en 'n groep (dans) kinders op sosiale media beland. (1)

5.1.12 Gebruik die HOMONIEM van **maat** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.13 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Ammiël sê hulle het (*special*) gevoel toe hulle hulleself op TV kon sien. (1)



LIVEWORKSHEETS